# BOEKBESPREKING.

**A. van Deursen:** „Bybels Beeldwoordenboek.'' Kok, Kampen. 3de druk. 1951. 144 bll. 4.25f.

Hierdie waardevolle boekie het ons reeds vroeër (met die 2de druk) baie gunstig aangekondig. Hierdie druk is weereens uitgebrei. Ek wil nogeens die aandag van lerare en onderwysers op hierdie nuttige boekie vestig. Dit is 'n Bybelse woordeboekie, baie goed geïllustreer. Soos gewoonlik, het die uitgewery gesorg vir: keurige afwerking.

J.C.C.

* * *

**B. Brunsting:** "Sacred Marriage Vows." Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, 1951. 55 bll.

Dit is 'n boekie wat aan bruid en bruidegom gegee kan word. Daar is 5 kort hoofstukkies oor die heiligheid van die huwelik self, een oor die huisaltaar, een oor die gesinslewe, en 'n huweliksertifikaat. Ek glo nie ons het iets dergelyks in Afrikaans nie. 'n Mooi geskenkie!

J.C.C.

* * *

**T. N. Hanekom:** „Die Liberale Rigting in Suid-Afrika." 'n Kerkhistoriese Studie. Eerste deel. Die C.S.V.-Boekhandel, posbus 25, Stellenbosch. 516 bll. 24/-.

Op hierdie intensiewe studie het ds. Hanekom onlangs aan die P.U. gedoktoreer. Ek verstout my om te beweer dat dit een van die beste proefskrifte is wat nog ooit in ons land gepubliseer is. Dr. Hanekom belowe 'n tweede deel.

Die skrywer lewer hier 'n pragtige studie oor die agtergrond, opkoms en ontwikkeling van die liberale rigting in die neëntiende eeu in ons land, veral in Kaapland. Al is dit 'n kerkhistoriese geskrif, is dit van die uiterste belang vir ons verstaan van alle lewenskrnge, veral die opvoedkundige en die kulturele. Niemand sal in vervolg oor die liberale rigting in ons land kan werk of skryf sonder die volste gebruik te maak van hierdie omvattende studie nie. Die skrywer het besonder breed en diep gewerk. Sy bronnelys is byna uitputtend. Sy sisteem getuig van volkome beheer van die stof. Dokumentering is ryk en ter sake. Die wetenskaplike objektiwiteit gaan gepaard van 'n ondubbelsinnige Calvinistiese kyk op sake. Vir die ontwikkeling van ons Calvinistiese denke op kerklike maar ook op kulturele en opvoedkundige gebied sal hierdie uitgebreide en gesaghebbende studie van onskatbare waarde wees. Daar is min werke wat in Afrikaans verskyn het, wat ek persoonlik met groter ingenomenheid en vrug kon bestudeer het. Ek moet my hartlikste dank en gelukwensing aan die skrywer betuig.

Ek moet egter die aandag vestig op enkele gebreke wat by 'n tweede druk en veral by die tweede deel uitgeskakel kan word. Hoe keurig die Afrikaans ook is, die boek sit taalkundig vol foute. Die sinsbou is soms swak; die spelling, veral die gebruik van hoofletters en die aanmekaarskrywe van woorde, moet aandag geniet; die interpunksie is op baie plekke nie suiwer nie. Die betekenis van die sinne is soms onseker. Ek gee net een voorbeeld. Die eerste paragrafie op bladsy 280 begin so: „Die betekenis van die stigting van die Kweekskool in 1859 laat die stroom van

teologiese studente na Nederland vinnig verswak." Dië sin moet lui óf „Die betekenis van die stigting . . . lê daarin dat die stroom . . . " óf eenvoudig „Die stigting van . . . . laat die stroom . . . " Ek kan baie sulke voorbeelde noem. Dan moet ek daarop wys dat daar verbasend baie onnodige herhaling, selfs aandikking in die werk voorkom: dinge word op verskillende plekke in die studie weer oor gesê. Ten slotte, mis ek konsekwente logiese aaneenskakeling in die uiteensetting. Op etlike plekke moes ek myself afvra: en waar kom die skrywer aan die gedagte of sin? In 'n wetenskaplike studie moet sin in sin, paragraaf in paragraaf logies oorloop.

J. CHR. COETZEE.

* * *

**Calvinistic Action Committee:** "God-centred Living or Calvinism in Action." A symposium. Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, 1951. 271 bll. 3.50 dollars.

Ons geloofsgenote in die Verenigde State van Amerika dien vir ons as 'n mooi voorbeeld. Hier publiseer hulle 'n reeks artikels oor die Calvinisme-in-aksie.

Die bekende prof. Clarence Bouma lei die simposium in met 'n pragtige studie oor die „Relevance of Calvinism to-day." Afdeling I van die werk bevat drie studies oor die Calvinistiese Aksie en die kerk. Twee daarvan is van besonder groot waarde: ds. P. van Tuinen bespreek die taak van die kerk vir die oplossing van moderne probleme en dr. John G. van Dyke die taak van die Calvinisme in verband met die evangelisering van Amerika. Afdeling II bring vier studies onder die opskrif Calvinistiese Aksie en die Opvoeding. Dr. C. Jaarsma skryf besonder mooi oor 'n Calvinistiese program vir die laer en die middelbare opvoeding; dr. W. H. Jellema nogal teleurstellend oor Calvinisme en die Hoër Onderwys; dr. B. Kruithof met insig oor ons kunswaardering en dr. L. Greenway oor die probleem van ontspanning en vermaak. In Afdeling III is daar vyf mooi studies oor ons aksie in verband met die politieke en sosiale terreine. Dr. W. Spoelhof skryf oor Calvinistiese politieke aksie; dr. H. J. Ryskamp pas ons beginsel toe op moderne ekonomiese verskynsels, J. H. Fles handel oor kontemporêre besigheidsonderneming, dr. G. Heyns bespreek sosiale probleme vanuit die Calvinistiese gesigspunt en dr. A. van den Bosch oor internasionale verhoudings.

Die publikasie word afgesluit deur 'n skitterende bibliografie oor Calvinisme en Calvinistiese Aksie deur dr. H. H. Meeter. Die meeste bronne is Nederlands, daarna 'n heel aantal Engels en 'n enkele selfs Afrikaans.

'n Bundel opstelle wat in die besit van elke Calvinis in Suid-Afrika moet wees. Hier word leiding gegee op baie lewensterreine.

J. CHR. COETZEE.

* * *

**Dr. J. G. Woelderink: „De Uitver-Kiezing."** Uitg. van Keulen, Delft. 79 bl., prys 1.65 gulde.

In hierdie boekie handel Dr. Woelderink oor sy opvatting van die leer van die uitverkiesing. Hy speel die Nedl. Geloofsbelydenis (Art. 16) uit teen die Dordtse Leerreëls. Die eerste fout van Dr. Woelderink is dat hy die liefde as die sentrale deug van God beskou, die deug van Gods regverdigheid is daaraan onderworpe. Die Ned. Geloofsbelydenis bely net Gods verkiesende liefde. Daar is geen regverdigheid van God met die oog op

die verwerping nie. Die verwerping is nie in die raad van God opgeneem nie. „De Ned. Gel. Bel. spreekt net van een **dubbele praedestinatie.**"

Calvyn is die man wat die stuk van die verkiesing so uitvoerig vanuit Gods raad behandel, dat ook die verwerping van die goddelose in Gods raad opgeneem word (bl. 16). Dis die Dordtse Leerreëls wat sake verkeerd gestel het. Daarin het verkiesing en verwerping bronne geword, waaruit heil en verderf voortkom.

Voorts gee Dr. Woelderink sy beskouing oor supra- en infralapsarisme en oor Barth se konsepsie. Maar dan volg weer 'n onbybelse uitdrukking soos: „Het is bijbels niet verantwoord te zeggen, dat God in zijn eeuwige raad tot de zonde besloten heeft". Sy gevolgtrekking is dat Calvyn en sy leerlinge en die opstellers van die D.L. die grond gelê het vir die latere misbruik van die leer van die verkiesing. Dis 'n blote bewering sonder enige weerlegging. Dit spyt ons, maar ons kan hierdie boekie **nie** by ons lesers aanbeveel nie.

P. J. S. de K.

• • •

**Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis.** Veertiende Jaargang. deel 1.

Hierdie Jaarboeke word uitgegee op las van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Die redaksie staan onder die hoofargivaris van die Unie (dr. C. Beyers), en die sekretaris is dr. J. H. Breytenbach. Hierdie publikasies is seker die belangrikste wat in ons land verskyn. . Die dele word besonder mooi versorg; die band is besonder groot en die letter goed leesbaar.

In die Jaarboek onder bespreking verskyn die proefskrif van T. S. van Rooyen en dit gaan oor die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die Oos-Transvaal tot 1882. Die uitgawe beslaan byna 400 van die groot bladsye. Die jaar van uitgawe is 1951, maar die prys is nie vermeld nie.

Tegnies is die werk besonder goed. Wat sterk opval, is die ryke dokumentering—en dit meestal uit primêre bronne. Sy Bibliografie is ingedeel as A. Argiefstukke, B. Ander gedrukte bronne, C. Ongepubliseerde Verhandelinge, D. Tydskrifte, koerante en ander Kontemporêre Geskrifte, en E. Sekondêre Bronne, uitsluitende Reisbeskrywings. Die sistematisering van die versamelde stof is besonder geslaag. Dr. van Rooyen beskryf sy stof wetenskaplik, d.w.s. objektief maar oortuigend. Die taal is goed versorg.

As wetenskaplike bydrae staan dit hoog. Die skrywer is 'n uitnemende navorser wat inderdaad iets oorspronkliks lewer.

Die Redaksie, die uitgewer en die skrywer kan geluk gewens word met hierdie uiters belangrike bydrae tot ons kennis van ons vaderlandse geskiedenis.

• • •

**Ben Conradie: „Andrew Murray na 100 jaar."** C.S.V.-Boekhandel, bus 25, Stellenbosch, 1951. 213 bll. 7/6.

Dit is 'n vlot geskrewe, maklik leesbare werkie oor die bekende kerkvader. Dit is met piëteit en kennis geskrywe. Trouens, die onderwerp van die boekie self is so simpatiek dat dit nie swaar gaan om maklik te skryf nie. Veel nuuts bring die boekie egter nie. Die werk van J. du Plessis oor die lewe van Andrew Murray bly nog onvervang. Vir die gewone leser kan die boekie van Conradie sterk aanbeveel word.

**A. B. W. M. Kok:** „Verleidende Geesten." Kok, Kampen, 1951 (3), 192 bll. 5.90 gulden gebind.

Soos alle uitgawes van J. H. Kok, N.V., is dit 'n pragstuk: sterk en mooi gebind, uitstekende letter.

Ds. Kok bespreek in 18 hoofstukkies enkele van die mees moderne dwalinge in ons geesteslewe: van af Christian Science tot Jehova's getuie. Dit is 'n werkie vir die gewone leser bedoel: pretensies van wetenskaplikheid het dit nie. Oor die algemeen gee ds. Kok 'n eenvoudige, heldere beeld van die dwaling: die beskrywing is kort en afdoende. Aan elke dwaling lê hy die norm van die gereformeerde beskouing. Daarom is dit vir lesers van „Koers" 'n baie welkome boekie.

J. CHR. COETZEE.

• • •

**„Argiefjaarboek vir S. Afr. Geskiedenis."** Veertiende Jaargang, deel 2. Die Staatsdrukker, 1951, 454 bll., prys ??

In hierdie deel van die belangrike Argiefjaarboek verskyn vier studies.

Die eerste is 'n soort studie waaraan ons in ons geskiedenis baie behoefte het, veral omdat dit so uitstekend uitgevoer is. Prof. M. Roberts van Rhodes-Universiteit ondersoek hier met behulp van primêre bronne die sgn. „Beaufort Influence" ten tye van lord Charles Somerset. Hier toon hy op 'n oortuigende wyse dat die tradisionele opvatting, o.a. voorgestaan deur MacMillan en Walker, oor die betekenis van die invloed van die Beaufort-groep in die Engelse politiek soos weerspieël in Kaapland, verkeerd is. Somerset het bedank „far more by general considerations of home politics than by fear of the success of his accusers, or of a change of policy at the Colonial Office."

Die tweede bydrae is 'n breedvoerige studie (bll. 35—208) oor „Adolf Schiel en die Duitse Kommando" deur Melt van Niekerk. Dit is 'n M.A.-verhandeling aan U.P. (7 hoofstukke, 3 bylaes, literatuur en bronnelys, register). Die studie werp 'n interessante, selfstandige lig op die bedrywighede van Schiel en sy kommando gedurende die Tweede Vryheidsoorlog.

Besonder waardevol is die bydrae van L. Young van die Natalse Universiteit oor "The Native Policy of Benjamine Fine in Natal, 1850-1855" (bll. 209-346). Young gaan hier na, aan die hand van primêre bronne veral, die verdienstes van Fine as koloniale administrateur en werp heelwat interessante lig op die praktiese werking van die vroeë Shepstonese stelsel van naturelle-administrasie in Natal.

P. J. Rossouw, student van die Universiteit van Stellenbosch, vind sy M.A.-verhandeling as die vierde studie in hierdie Jaarboek gepubliseer (bll. 347-450). Dit handel oor die Arbeidskolonie, Kakamas. Dit is geen sosiologiese of opvoedkundige studie nie maar 'n suiwer historiese. Dit is reeds in 1939 saamgestel. Daarom is daar nie rekening gehou met latere publikasies oor die kolonie nie. Ek vind dit baie jammer dat die publikasie van verdienstelike werk so vertraag word.

J. CHR. COETZEE.